

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

WINDHOEK

UITGAWE OP GESAG

30c

Monday 3 January 1983

Maandag 3 Januarie 1983

No. 4732

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES:

No. AG. 1 Peri-Urban development Board: Amend-
ment of electricity supply regulations: Lüderitz.

1

No. AG. 2 Peri-Urban Development Board: Amend-
ment of Health Regulations: Lüderitz.

5

ADVERTISEMENTS:

10

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

No. AG. 1 Raad vir buitestedelike ontwikkeling:
Wysiging van regulasies op elektrisiteits-
verskaffing: Lüderitz.

1

No. AG. 2 Raad vir buitestedelike ontwikkeling:
Wysiging van: gesondheidsregulasies:
Lüderitz.

5

ADVERTENSIES:

10

Government Notices

Goewermentskennisgewings

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTMENT OF THE COUNCIL OF
MINISTERS

No. AG. 1 1983

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD:
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY
REGULATIONS: LÜDERITZ

The Council of Ministers has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), further amended the regulations promulgated by Government Notice 109 of 1957 and applied to the Municipality of

DEPARTEMENT VAN DIE MINISTERS-
RAAD

No. AG. 1 1983

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKE-
LING: WYSIGING VAN REGULASIES OP
ELEKTRISITEITSVERSKAFFING:
LÜDERITZ

Die Ministersraad het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 en van toepassing

Lüderitz by Government Notice 151 of 1957, as amended, as set out in the Schedule.

gemaak op die Munisipaliteit van Lüderitz by Goewermentskennisgewing 151 van 1957, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

SCHEDULE

BYLAE

1. Paragraph 4 of APPENDIX "D" is hereby amended —

(1) by the substitution for the heading "BASIC CHARGE" of the heading "MINIMUM CHARGE"; and

(2) by the substitution for the expressions "minimum charge" and "basic minimum demand charge", wherever they occur, of the expression "basic charge".

2. Paragraph 5 of APPENDIX "D" is hereby amended —

(1) by the substitution for subparagraph (a) of the following subparagraph:

"(a) TARIFF I — DOMESTIC CONSUMERS:

For the supply of electricity at 220 Volt single phase current to *bona fide* domestic consumers:

(i) Basic charge:

The following basic charge, based on the rating of a single or the nominal rating of more than one circuit breaker at the point of supply to the particular consumer, is payable per month in respect of every connection to the supply of the Board, whether electricity is consumed or not:

| | |
|---------------------------|--------|
| 15 Ampère circuit breaker | R8,70 |
| 20 Ampère circuit breaker | R11,60 |
| 25 ampère circuit breaker | R14,50 |
| 30 ampère circuit breaker | R17,40 |
| 35 ampère circuit breaker | R20,30 |
| 40 ampère circuit breaker | R23,20 |
| 45 ampère circuit breaker | R26,10 |
| 50 ampère circuit breaker | R29,00 |
| 55 ampère circuit breaker | R31,90 |
| 60 ampère circuit breaker | R34,80 |

1. Paragraaf 4 van BYVOEGSEL "D" word hierby gewysig —

(1) deur die opskrif "MINIMUM HEFFING" deur die opskrif "BASIESE HEFFING" te vervang; en

(2) deur die uitdrukkings "minimum heffing" en "basiese minimum aanvraagsheffing", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking "basiese heffing" te vervang.

2. Paragraaf 5 van BYVOEGSEL "D" word hierby gewysig —

(1) deur subparagraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(a) TARIEF I — HUISHOUDELIKE VERBRUIKERS

Vir die lewering van elektrisiteit teen 220 Volt enkelfasige stroom aan *bona fide* huishoudelike verbruikers:

(i) Basiese heffing

Die volgende basiese heffing, gebaseer op die sterkte van 'n enkele of die nominale sterkte van meer as een stroombreker by die leweringspunt na die betrokke verbruiker, is maandeliks betaalbaar ten opsigte van elke aansluiting by die Raad se toevoer, ongeag of elektrisiteit verbruik word of nie:

| | |
|------------------------|---------|
| 15 ampère stroombreker | R 8,70 |
| 20 ampère stroombreker | R 11,60 |
| 25 ampère stroombreker | R 14,50 |
| 30 ampère stroombreker | R 17,40 |
| 35 ampère stroombreker | R 20,30 |
| 40 ampère stroombreker | R 23,20 |
| 45 ampère stroombreker | R 26,10 |
| 50 ampère stroombreker | R 29,00 |
| 55 ampère stroombreker | R 31,90 |
| 60 ampère stroombreker | R 34,80 |

(ii) Unit charge:

In addition to the basic charge, each consumer shall pay R0,10 per unit for each unit consumed.”;

(2) by the substitution for subparagraph (b) of the following subparagraph:

“(b) TARIFF II — NON-DOMESTIC CONSUMERS:

For the supply of electricity at 220 Volt single phase current or 380/220 Volt three-phase current to all consumers, excluding *bona fide* domestic consumers, with a minimum circuit breaker rating of 15 ampère and a maximum circuit breaker rating or 180 ampère.

(i) Basic charge:

A basic charge of R0,90 per ampère for the summated rating of the circuit breakers at the point of supply to the particular consumer, is payable per month in respect of every connection to the supply of the Board, whether electricity is consumed or not.

(ii) Unit charge:

In addition to the basic charge, each consumer shall pay R0,10 per unit for each unit consumed.”; and

(3) by the substitution for subparagraph (c) of the following subparagraph:

“(c) BULK CONSUMERS:

For the supply of electricity at 380/220 Volt or 11KV three phase current to all consumers who require power supply at this tariff:

(ii) Eenheidsheffing:

Benewens die basiese heffing, betaal elke verbruiker R0,10 per eenheid vir elke eenheid wat verbruik is.”;

(2) deur subparagraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(b) TARIEF II — NIE-HUISHOUDELIKE VERBRUIKERS:

Vir die lewering van elektrisiteit teen 220 Volt enkelfasige stroom of 380/220 Volt driefasige stroom aan alle verbruikers, uitgesonderd *bona fide* huishoudelike verbruikers, met ’n minimum stroombrekersterkte van 15 ampère en ’n maksimum stroombrekersterkte van 180 ampère.

(i) Basiese heffing:

’n Basiese heffing van R0,90 per ampère vir die saamgestelde sterkte van die stroombrekers by die leweringspunt na die besondere verbruiker, is maandeliks betaalbaar ten opsigte van elke aansluiting by die Raad se toevoer, ongeag of elektrisiteit verbruik word of nie.

(ii) Eenheidsheffing:

Benewens die basiese heffing, betaal elke verbruiker R0,10 per eenheid vir elke eenheid wat verbruik is.”; en

(3) deur subparagraaf (c) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(c) GROOTMAATVERBRUIKERS:

Vir elektrisiteitstoevoere teen 380/220 Volt of 11 KV driefasige stroom aan alle verbruikers wat kragtoevoer kragtens hierdie tarief verlang.

(i) Basic charge:

The monthly charge according to the "declared maximum demand" is R8,40 per KVA.

(ii) Unit charge:

In addition to the basic charge, each consumer shall pay R0,10 per unit for each unit consumed.

(iii) Minimum charge:

The monthly minimum charge is equal to the basic charge according to the "declared maximum demand" as stated under (i) above, but not less than R210,00.

(iv) "Declared maximum demand" means the highest demand in KVA registered or required by the consumer during any period. The declared maximum demand is determined as follows:

(a) The consumer must declare in writing to the Board what maximum demand in KVA he shall require that the Board must supply to him when needed.

(b) Where a KVA maximum demand meter is installed, the declared maximum demand is the highest demand registered during any period of 15 minutes by means of a type of demand meter approved by the engineer.

(c) Where circuit breakers of a type approved by the engineer, is installed according to the choice of the consumer to control the demand, the declared maximum demand is the demand in KVA calculated

(1) Basiese heffing:

Die maandelikse heffing volgens die "verklaarde maksimum aanvraag" is R8,40 per KVA.

(ii) Eenheidsheffing:

Benewens die basiese heffing, betaal elke verbruiker R0,10 per eenheid vir elke eenheid wat verbruik is.

(iii) Minimum heffing:

Die maandelikse minimum heffing is gelyk aan die basiese heffing volgens die "verklaarde maksimum aanvraag" soos onder (i) bo genoem, maar nie minder as R210,00 nie.

(iv) "Verklaarde maksimum aanvraag" beteken die hoogste aanvraag in KVA aangeteken of deur die verbruiker benodig gedurende enige tydperk. Die verklaarde maksimum aanvraag word soos volg bepaal:

(a) Die verbruiker moet aan die Raad skriftelik verklaar watter maksimum aanvraag in KVA hy van die Raad sal verwag om aan hom te lewer wanneer benodig.

(b) Waar 'n KVA maksimum aanvraagmeter geïnstalleer is, is die verklaarde maksimum aanvraag die hoogste aanvraag geregistreer gedurende enige tydperk van 15 minute deur middel van 'n tipe aanvraagmeter, wat deur die ingenieur goedgekeur word.

(c) Waar, volgens die verbruiker se keuse, stroombrekers van 'n tipe soos deur die ingenieur goedgekeur, geïnstalleer is om die aanvraag te beheer, is die verklaarde maksimum aanvraag in

with the nominal current of the circuit breaker and the appropriate voltage.

(v) The declared maximum demand calculated as above, is applicable: Provided that —

(a) such declared maximum demand may be changed only with the approval of the Board after one year following the date of determination and the acceptance thereof by the Board;

(b) where the declared maximum demand is exceeded at any time, the declared maximum demand simultaneously and automatically be increased and the increased declared maximum demand is also subject to the provision.

(vi) If it is not otherwise agreed with the Board, the agreement for the supply of power according to the bulk consumers tariff stays effective for at least one year and after the lapse of the period the agreement stays effective subject to a written notice of twelve calendar months.”;

(4) by the deletion of subparagraph (e); and

(5) by the renumbering of subparagraph (f) to (d).

DEPARTMENT OF THE COUNCIL OF
MINISTERS

No. AG. 2

1983

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD:
AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS:
LÜDERITZ

The Council of Ministers has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance.

KVA uitgewerk met die nominale stroom van die stroombreker en die toepaslike spanning.

(v) Die soos bo bepaalde verklaarde maksimum aanvraag is van toepassing: Met dien verstande dat —

(a) sodanige verklaarde maksimum aanvraag net met die Raad se goedkeuring gewysig mag word een jaar volgende op die datum van bepaling en die Raad se aanvaarding daarvan;

(b) waar die verklaarde maksimum aanvraag ten enige tyd oorskry word, die verklaarde maksimum aanvraag gelyktydig en outomaties met sodanige oorskryding verhoog word en die verhoogde verklaarde maksimum aanvraag is eweneens onderhewig aan die voorbehoudsbepalings.

(vi) As nie anders met die Raad ooreengekom is nie, bly die ooreenkoms vir kragvoorsiening kragtens die grootmaatverbruikertarief geldig vir minstens een jaar en na verstryking van die tydperk bly die ooreenkoms van krag onderworpe aan skriftelike kennisgewing van twaalf kalendermaande.”;

(4) deur subparagraaf (e) te skrap; en

(5) deur subparagraaf (f) te hernoem na (d).

DEPARTEMENT VAN DIE MINISTERS-
RAAD

No. AG. 2

1983

RAAD VIR BUITESTEDELIKE
ONTWIKKELING: WYSIGING VAN
GESONDHEIDSREGULASIES: LÜDERITZ

Die Ministersraad het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike

1970 (Ordinance 19 of 1970), further amended the regulations promulgated by Government Notice 23 of 1955 and applied to the Municipality of Lüderitz by Government Notice 3 of 1956, as amended, as set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. Regulation 1 of Chapter 1 is hereby amended by —

- (a) the insertion after the definition of "Person" of the following definition:

" 'Polythene container' means a bag of polythene with a thickness of 38 micron, in the case of low density polythene, or of 22 micron, in the case of high density polythene, and which is at least 1 000 mm by 750 mm (both measurements to be taken whilst the bag is lying flat and is empty)."; and

- (b) the insertion after the definition of "Public Building" of the following definition:

" 'Refuse container' means a cylindrical or conical container for the storage of domestic refuse, equipped with a close-fitting lid and having a capacity not exceeding 0,085 m³."

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 1 of Chapter VI:

" 1. Every occupier of any dwelling, public building or other premises in respect of which a domestic refuse removal service as contemplated in regulation 5 is provided by or on behalf of the Board, shall ensure that —

- (i) a sufficient number of refuse containers is provided for the storage of domestic refuse upon such premises;
- (ii) empty polythene containers are positioned in all empty refuse containers in such a manner that all domestic refuse on the premises may be dumped directly into such polythene containers;
- (iii) no object, material or fluid is dumped into the polythene containers in such a manner or in such

Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 23 van 1955 en op die Munisipaliteit van Lüderitz van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 3 van 1956, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 1 van Hoofstuk 1 word hierby gewysig deur —

- (a) na die omskrywing van "Persoon" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'Politeenhouer' beteken 'n sak van politeen met 'n dikte van 38 mikron, in die geval van lae digtheid politeen of van 22 mikron, in die geval van hoë digtheid politeen, en wat minstens 1 000 mm by 760 mm is (albei mate geneem te word terwyl die sak plat lê en leeg is)."; en

- (b) na die omskrywing van "Openbare gebou" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'Vullishouer' beteken 'n silindriese of kegelvormige houer vir die bewaring van huisvullis wat met 'n noupassende deksel toegerus is en 'n inhoudsmaat van hoogstens 0,085 m³ het."

2. Regulasie 1 van Hoofstuk VI word hierby deur die volgende regulasie vervang:

" 1. (a) Elke bewoner of besetter van 'n woonhuis, openbare gebou of ander perseel ten opsigte waarvan 'n huisvullisverwyderingsdiens soos bedoel in regulasie 5 deur of namens die raad voorsien word, moet toesien dat —

- (i) genoeg vullishouers op die perseel verskaf is vir die bewaring van huisvullis op sodanige perseel;
- (ii) leë politeenhouders op so 'n wyse in alle leë vullishouers in posisie geplaas word dat alle huisvullis op die perseel direk in sodanige politeenhouders gestort kan word;
- (iii) geen voorwerp, materiaal of vloeistof op so 'n wyse of in so 'n toestand in die politeenhouders

a condition that such polythene containers may be torn or otherwise damaged, or that any person in the refuse removal service may be injured during the removal of such polythene containers;

- (iv) the polythene containers which must be removed are securely fastened;
 - (v) the polythene containers which must be removed are, for the purposes of removal, placed in such a spot as an authorised officer of the Board may indicate;
 - (vi) any person in the refuse removal service has unrestricted access to the premises in order to remove the polythene containers which must be removed;
 - (vii) the refuse containers are not left open, but that their lids are put on properly;
 - (viii) a hygienic state of affairs prevails at all times in respect of the polythene containers and the refuse containers.
- (b) The Board may supply a sufficient number of containers as contemplated in subsection (a) at cost plus 15% thereon, which may be recovered from the occupier either by way of monthly instalments or in such other manner as may be decided by the Board.

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 2 of Chapter VI:

“ 2. No person shall dump into any polythene container or refuse container any bricks, sand, grass, pruned branches or trees, hedges or fences or other garden refuse, or anything which is not truly domestic refuse.”.

4. Regulation 5 of Chapter VI is hereby amended by substituting the word “once” for the word “twice”.

5. Regulation 6 of Chapter VI is hereby deleted.

6. Regulation 7 is hereby amended by the insertion after subregulation (b) of the following subregulation:

gestort word dat sodanige politeenhouders kan skeur of andersins beskadig kan word, of dat iemand in die vullisverwyderingsdiens tydens die verwydering van sodanige politeenhouders beseer kan word nie;

- (iv) die politeenhouders wat verwyder moet word, behoorlik toegebind is;
- (v) die politeenhouders wat verwyder moet word vir die doeleindes van verwydering op die plek geplaas word wat 'n gemagtigde beampte van die raad aanwys;
- (vi) iemand in die vullisverwyderingsdiens onbelemmerde toegang tot die perseel het ten einde die politeenhouders wat verwyder moet word, te verwyder;
- (vii) die vullishouders nie oopgelaat word nie, maar dat hul deksels behoorlik opgesit word;
- (viii) 'n higiëniese toestand ten alle tye ten opsigte van die politeenhouders en die vullishouders heers.

(b) Die Raad mag 'n voldoende aantal houders verskaf soos beoog in paragraaf (a) teen die kosprys daarvan plus 15% en hierdie prys verhaal by wyse van maandelikse paaieimente of by sodanige ander wyse as wat die Raad mag besluit.”.

3. Regulasie 2 van Hoofstuk VI word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“ 2. Niemand mag enige bakstene, sand, gras, gesnoeide takke van bome, heinings of omheinings of ander tuinafval, of enigiets wat nie werklik huishoudelike afval is nie, in enige politeenhouer of vullishouer stort nie.”.

4. Regulasie 5 van Hoofstuk VI word hierby gewysig deur die woord “twee” te vervang met die woord “een”.

5. Regulasie 6 van Hoofstuk VI word hierby geskrap.

6. Regulasie 7 van Hoofstuk VI word hierby gewysig deur die volgende subregulasie na subregulasie (b) in te voeg:

“(c) Fees for permanent domestic refuse removal services as prescribed in Schedule A, shall be payable in respect of every built-up premises, whether permanently occupied or not, unless no domestic refuse will be available for removal and at least one month’s written notice thereof has been given.”

7. The following Schedule is hereby substituted for Schedule A:

“SCHEDULE A

TARIFF OF CHARGES

1. Permanent domestic refuse removal service:

- (a) Per container, per month R4.00
- (b) For the removal of domestic refuse more than once per week, a special charge shall be levied as may be mutually agreed upon.

2. Nightsoil removal service:

- (a) Per bucket, per month R4.00
- (b) For the removal of nightsoil more than twice weekly, a special charge shall be levied as may mutually be agreed upon.

3. Slopwater removal service:

Per load of 4 500 litres or part thereof
R17.00

4. Sewage service:

For the purpose of calculating the basic charge:

“Erf” shall mean every area of 1 250m² or less of the extent of any land: Provided that erven or such erven of 100 m² or less in extent shall not be considered and that all erven of over 15 000 m² in extent shall be deemed 12 erven.

For the purpose of this tariff:

“Sewerage unit” shall mean a water closet or urinal.

“Minimum required sewerage units” of a building shall mean the minimum required sewerage units set out in Table 1 of these regulations.

“(c) Gelde vir permanente huisvullisverwyderingsdienste soos voorgeskryf in Bylae A, is betaalbaar ten opsigte van elke beboude perseel, of dit permanent geokkupeer word of nie, tensy geen huisvullis beskikbaar vir verwydering sal wees nie en daarvan ten minste een maand skriftelike kennis gegee is.”

7. Bylae A word hierby deur die volgende bylae vervang:

“BYLAE A

TARIEFSKAAL

1. Permanente huisvullisverwyderingsdiens:

- (a) Per vullishouer, per maand R4.00
- (b) Vir die verwydering van huisvullis meer dikwels as twee keer per week, word gelde by onderlinge ooreenkoms vasgestel:

2. Nagvuilverwyderingsdiens:

- (a) Per emmer, per maand R4.00
- (b) Vir die verwydering van nagvuil meer dikwels as twee keer per week, word spesiale gelde by onderlinge ooreenkoms vasgestel.

3. Vuilwaterverwyderingsdiens:

- (a) Per vrag van 4 500 liter of gedeelte daarvan R17.00

4. Riooldiens:

Vir die doeleindes van berekening van die basiese heffing beteken:

“Erf” elke 1 250 m² of minder van die oppervlakte van enige grond: Met dien verstande dat ’n erf of so ’n erf met ’n oppervlakte van 100 m² en minder buite rekening gelaat word en alle erwe met ’n oppervlakte van meer as 15 000 m² gereken word as 12 erwe.

Vir die doeliendes van hierdie tarief beteken:

“Riooleenheid” ’n spoelkloset of urinaal.

“Minimum vereiste riooleenhede” van ’n gebou die minimum vereiste riooleenhede soos in Tabel 1 van hierdie regulasies uiteengesit.

(a) Basic charge:

The owner of any premises, with or without improvements, which, either has been connected to any sewer of the Board or can be connected to any of its sewers, shall pay a basic charge to the board of R7,00 per month for each erf.

(b) Additional charge:

The owner of every premises connected to the sewerage system of the Board, shall pay an additional charge of R0,50 per month for each sewerage unit by which the minimum required sewerage units exceed one.

5. Interest:

The Board may charge and recover interest on all fees which have not been paid within fifteen days of the date upon which they fell due at a rate not exceeding 15 per cent per year, calculated from the date on which the fees shall be payable to the date of payment.

6. General:

(a) All fees shall be payable on the first day of the month following upon the month during which or for which the services in respect of which such fees are levied, or provided or would be provided.

(b) All charges are made monthly.

(c) Where premises are let to various tenants or occupiers, all fees due shall be payable by the person receiving the rent, whether as owner or agent.

(a) Basiese heffing:

Die eienaar van enige perseel met of sonder verbeterings, wat, óf by enige riool van die raad aangesluit is, óf daarby aangesluit kan word, moet aan die raad 'n basiese heffing van R7,00 per maand vir elke erf betaal.

(b) Addisionele heffing:

Die eienaar van elke perseel wat by die raad se rioolstelsel aangesluit is, moet 'n addisionele heffing van R0,50 per maand betaal vir elke riooleenheid waarmee die minimum vereiste riooleenhede een oorskry.

5. Rente:

Die raad kan rente hef en invorder op alle gelde wat nie binne vyftien dae vanaf die datum waarop dit betaalbaar geword het, betaal is nie teen 'n koers wat nie hoër is nie as 15 persent per jaar, bereken vanaf die datum waarop die gelde betaalbaar word tot op die datum van betaling.

6. Algemeen:

(a) Alle gelde is betaalbaar op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarvoor of waartydens die dienste ten opsigte waarvan hulle gehef word, voorsien is of sou wees.

(b) Alle heffings word maandeliks gedoen.

(c) Waar persele aan verskillende huurders of bewoners verhuur word, moet alle verskuldigde gelde deur die persoon wat die huurgeld ontvang, betaal word hetsy die persoon die eienaar of agent is."

Advertisements**FARMS FOR SALE**

Upon instruction from the Land and Agricultural Bank of South West Africa, the Deputy Sheriff, Tsumeb will sell by public auction, on 28 January 1983 at 09h00 in front of the Magistrate's Office at Tsumeb the following property:

CERTAIN: Farm MACENTAL No. 1136
Registration Division B
District TSUMEB

MEASURING: 5998,8108 hectares

As described in Certificate of Consolidated Title no. 2073/1975 registered on the 30th October 1975 in the name of HENDRIK JACOBUS TALJAARD born 26 September 1950.

The situation of this property is as follows:

54 Kilometres NORTH of TSUMEB

Buildings and improvements alleged to exist on the properties:-

8 Roomed dwelling house, stock proof fenced, 1 camp (arable land) 13 grazing camps with watering points in 13 grazing camps, 6 boreholes, 2 windmills, 4 reservoirs and 6 drinking troughs.

No assurance can be given that the said buildings and improvements do exist, nor that any of them is free from a right of retention or Hire Purchase Agreement, nor that an adjoining owner has no interest or claim for contribution in respect of any boundary fencing.

The property is sold "voetstoots" as it stands, subject to all servitudes and conditions specified in the title deed.

The terms of payment of the purchase price are as follows:-

One-fifth of the purchase price together with all costs in connection with the sale including advertising costs as well as any taxes and auctioneer's commission at 2.5% shall be paid on the fall of the hammer in cash or by means of a Bank guaranteed cheque.

The balance purchase price, plus 11% interest thereon from the date of sale to date of payment shall be payable to the Land Bank within 3 months after the date of sale.

Advertensies**PLASE TE KOOP**

Op las van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika sal die adjunk-balju Tsumeb op 28 Januarie 1983 om 09h00 voor die Landdros kantoor te Tsumeb die ondergemelde eiendom by die publieke veiling verkoop:

SEKERE: Plaas MACENTAL nr. 1136
Registrasie-Afdeling B
Distrik Tsumeb

GROOT: 5998,8108 hektaar

Soos beskryf in Sertifikaat van Verenigde Titel nr. 2073/1975 geregistreer op 30 Oktober 1975 in naam van HENDRIK JACOBUS TALJAARD gebore op 26 September 1950. Die ligging van hierdie eiendom is soos volg:

54 Kilometer NOORD van TSUMEB.

Geboue en verbeterings wat beweer word om op die eiendom te bestaan is:

8 Vertrek woonhuis, veekerend omhein, 1 landekamp, 13 weikampe met suipings in 13 weikampe, 6 boorgate, 2 windpompe, 4 reservoirs en 6 drinkbakke.

Geen versekering kan gegee word dat die gemelde geboue en verbeterings wel bestaan, of dat enige daarvan vry van 'n retensiereg of huurkoop-ooreenkoms is, of dat 'n aangrensende eienaar geen belang of kontribusie-eis ten opsigte van 'n grensheining het nie.

Die eiendom word voetstoots verkoop soos dit staan, onderworpe aan alle serwitute en voorwaardes in die titelakte vermeld.

Die voorwaardes van betaling van die koopsom is soos volg:

Een-vyfde van die koopsom tesame met alle kostes in verband met die verkoping insluitende advertensiekoste asook enige belastinge en afslaaerskommissie teen 2.5% moet by toeslaan van die bot in kontant of per bank gewaarborgde tjek betaal word.

Die saldo van die koopsom, plus 11% rente daarop vanaf die datum van die verkoping tot datum van betaling, is binne 3 maande na die datum van die verkoping aan die Landbank betaalbaar.

The purchaser is at liberty to pay on the fall of the hammer, a larger amount than the prescribed one-fifth of the purchase price, and he may pay the balance purchase price immediately or at any time before expiration of three months after the date of sale.

The purchaser shall be liable for the payment of transfer duty, costs of transfer, taxes, rates, estate duty and government charges (if any) and any other expenses as may be necessary to register transfer in his name. These amounts shall be paid as soon as the Land Bank requests payment thereof.

The Land Bank reserves the right at any time to withdraw from the sale any property which is offered for sale.

FARM FOR SALE

Upon instructions from the Land and Agricultural Bank of South West Africa, the Deputy Sheriff, Tsumeb will sell by public auction, on 28 January 1983 at 10h00 in front of the Magistrate's Office at Tsumeb the following property:

CERTAIN: Farm CHUDIB-NUUT NO. 1137
Registration Division B
District Tsumeb

MEASURING: 6288,3232 hectares

As described in Certificate of Consolidated Title No. 2074/1975 registered 30 October 1975 in the name of MATTHYS JOHANNES TALJAARD born 13 September 1952.

The situation of this property is as follows:

54 Kilometres NORTH of TSUMEB.

Buildings and improvements alleged to exist on the property:

9 Roomed dwelling house, 4 storage rooms, dairy and machine room, labourer's quaters, stockproof fenced, camp (arable land), 20 grazing camps with watering points in 20 grazing camps, 5 boreholes, 5 reservoirs and 5 drinking troughs.

No assurance can be given that the said buildings and improvements do exist, nor that any of them is free from a right of retention or Hire Purchase Agreement, nor that an adjoining owner has no interest or claim for contribution in respect of any boundary fencing.

Dit staan die koper vry om meer as die voorgeskrewe een-vyfde van die koopsom by toeslaan van die bot te betaal, en hy kan die saldo koopprys dadelik of te enige tyd voor verstryking van drie maande na die datum van die verkoping betaal.

Die koper is aanspreeklik vir die betaling van hereregte, transportkoste, belastings, heffings, boedelregte en regeringslaste (as daar is) en enige ander gelde wat nodig mag wees om transport in sy naam te registreer. Die bedrae ten opsigte hiervan moet betaal word sodra die Landbank dit versoek.

Die Landbank behou hom die reg voor om enige eiendom wat te koop aangebied word te enige tyd van die verkoping te onttrek.

PLASE TE KOOP

Op las van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika sal die adjunk-balju Tsumeb op 28 Januarie 1983 om 10h00 voor die Landdros kantoor te Tsumeb die ondergemelde eiendom by die publieke veiling verkoop:—

SEKERE: Plaas CHUDIB-NUUT NR. 1137
Registrasie-Afdeling B
Distrik Tsumeb

GROOT: 6288,3232 hektaar

Soos beskryf in Sertifikaat van Verenigde Titel nr. 2074/1975 geregistreer op 30 Oktober 1975 in naam van MATTHYS JOHANNES TALJAARD gebore op 13 September 1952.

Die ligging van hierdie eiendom is soos volg:

54 Kilometer Noord van Tsumeb.

Geboue en verbeterings wat beweer word om op die eiendom te bestaan is:

9 Vertrek woonhuis, 4 stoorkamers, melkstal en masjienkamer, arbeidershuis, veekerend omhein, landekamp, 20 weikampe met suiping in 20 weikampe, 5 boorgate, 5 reservoirs en 5 drinkbakke.

Geen versekering kan gegee word dat die gemelde geboue en verbeterings wel bestaan, of dat enige daarvan vry van 'n retensiereg of huurkoop-ooreenkoms is, of dat 'n aangrensende eenaar geen belang of kontribusie-eis ten opsigte van 'n grensheining het nie.

The property is sold "voetstoots" as it stands subject to all servitudes and conditions specified in the title deeds.

The terms of payment of the purchase price are as follows:

One-fifth of the purchase price together with all costs in connection with the sale including advertising costs as well as any taxes and auctioneer's commission at 2.5% shall be paid on the fall of the hammer in cash or by means of a Bank guaranteed cheque.

The balance purchase price, plus 11% interest thereon from the date of sale to date of payment shall be payable to the Land Bank within 3 months after the date of sale.

The purchaser is at liberty to pay on the fall of the hammer, a larger amount than the prescribed one fifth of the purchase price, and he may pay the balance purchase price immediately or at any time before expiration of three months after the date of sale.

The purchaser shall be liable for the payment of transfer duty, costs of transfer, taxes, rates, estate duty and government charges (if any) and any other expenses as may be necessary to register transfer in his name. These amounts shall be paid as soon as the Land Bank requests payment thereof.

The Land Bank reserves the right at any time to withdraw from the sale any property which is offered for sale.

Die eiendom word voetstoots verkoop soos dit staan, onderworpe aan alle serwitute en voorwaardes in die titel akte vermeld.

Die voorwaardes van betaling van die Koopsom is soos volg:

Een-vyfde van die koopsom tesame met alle kostes in verband met die verkoping insluitende advertensiekoste asook enige belastings en afslaaerskommissie teen 2.5% moet by toeslaan van die bot in kontant of per bank gewaarborgde tjek betaal word.

Die saldo van die koopsom, plus 11% rente daarop vanaf die datum van die verkoping tot datum van betaling, is binne 3 maande na die datum van die verkoping aan die Landbank betaalbaar.

Dit staan die koper vry om meer as die voorgeskrewe een-vyfde van die koopsom by toeslaan van die bot te betaal, en hy kan die saldo koopprys dadelik of te eniger tyd voor verstryking van drie maande na die datum van die verkoping betaal.

Die koper is aanspreeklik vir die betaling van hereregte, transportkoste, belastings, heffings, boedelregte en regeringslaste (as daar is) en enige ander gelde wat nodig mag wees om transport in sy naam te registreer. Die bedrae ten opsigte hiervan moet betaal word sodra die Landbank dit versoek.

Die Landbank behou hom die reg voor om enige eiendom wat te koop aangebied word te eniger tyd van die verkoping te onttrek.